

17 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 22

Fokusgedeelte: 1 Konings 22:23,24

Alles is in die Here se hand – ook die kwade en die onbeplande

'n Leuengees en 'n pyl wat vlieg... 'n Leuengees wat direk van Satan, die vader van die leuen, af kom. 'n Pyl word afgeskiet deur 'n onbekende soldaat en oorgelaat om enigeen te tref wat in sy pad kom. Die leuengees het 'n doel, want die pyl is nie gemik nie. Dit is twee faktore in die laaste hoofstuk van die lewe van Agab. Die leuengees moet 'n bespotting maak van die Here se profete wat die waarheid moet verkondig. Die pyl is somer een van die duisende wat daardie dag met die geveg deur die lug gevlieg het. Agter dit alles is die Here besig om sy raadsplan uit te werk; is Hy besig met Israel, Juda en veral Agab. Gaan die duiwel dit belemmer, speel toeval 'n rol? Die Satan bring ook doelbewus die verleiding in die vorm van 'n persoon, 'n ding, 'n gebeurtenis op jou pad. Daar gebeur ook dinge met jou wat maklik as "toevallig" beskryf kan word: die ander kar wat voor jou inry of die boom wat op jou huis val – dikwels "fratsongelukke" genoem. Maar die Satan kan nie doen wat hy wil nie en niks trek somer toevallig deur die lug op jou af nie. Die koning moes die leuen glo sodat hy kan gaan veg en sterf soos die Here dit bepaal het. Die pyl trek op die teiken af wat God bepaal het: presies op die plekkie waar hy deur die harnas van Agab kan dring om hom te dood. In hierdie bloeddorstigheid is daar die geweldige troos: alles is in die hande van die lewende God wat my liefhet en alles tot my beswil laat gebeur. Ek is nie oorgelewer aan die Satan of die noodlot nie – net so min as wat die Satan Christus as kind kon laat vermoor en die storm op die see saam met die dissipels "toevallig" was. Christus het die Satan oorwin. Alle mag is aan Hom oorgegee sodat ek in lewe en in sterwe aan my getroue Verlosser kan behoort.

Sing: Psalm 118:11

Ds PH Fick (Komatipoort)